AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# MERIETEBEURSE VIR

# 2024-MATRIKULANTE VANAF 2025



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997
Registrasienommer: 2011/HE08/005.

# INHOUDSOPGAWE

1 KRITERIA VIR TOEKENNING VAN MERIETEBEURSE........................2

2 BEPALINGS EN VOORWAARDES VAN MERIETEBEURSE ...............2

# 1 Kriteria vir toekenning van merietebeurse

Toekenning vir merietebeurs vir elke onderskeiding (80% of meer) behaal. Bedrag toegeken vir onderskeidings behaal in vakke soos deur Akademia in kategorieë ingedeel:

**Kategorie A-vakke – R8 000 per onderskeiding**

- Wiskunde
- Fisiese Wetenskappe
- Lewenswetenskappe

**Kategorie B-vakke – R4 000 per onderskeiding**

- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Rekeningkunde
- Afrikaans Eerste Addisionele Taal
- Engels Huistaal

**Kategorie C-vakke – R2 000 per onderskeiding**

- Alle ander vakke (uitgesluit LO)

**Lewensoriëntering as vak word uitgesluit en geen merietebeurs word vir 'n onderskeiding in hierdie vak toegeken nie.*

# 2 Bepalings en voorwaardes van merietebeurse

2.1 Die merietebeurs is slegs geldig vir 2024-matrikulante wat direk na voltooiing van graad 12 met studies in 2025 sal begin.

2.2 Die merietebeurs is slegs geldig vir studente wat toegelaat en geregistreer is vir drie- of vierjaar-baccalaureusgrade wat deur Akademia aangebied word.

2.3 Merietebeurse is van toepassing op beide die nauurse afstandsmodel en die voltydse kampusmodel.

2.4 Merietebeurse word slegs toegeken aan studente wat Umalusi, SACAI of IEB-eksamens afgelê het.

2.5 Indien jy jou studie oor 'n aantal jare versprei, sal die merietebeurs steeds geld. Krediet vir onderskeidings word op die student se rekening geplaas in jaar een van studie. Indien die kredietbedrag nie ten volle gebruik word vir studiefooie of koshuisgelde in die jaar nie, sal dit oorgedra word na die opeenvolgende akademiese jaar. Indien 'n student nie hul studieprogram

voltooi nie, sal die beurs as terugbetaalbaar beskou word en Akademia behou die reg voor om die volle bedrag van die beurs terug te vorder.

2.6 In die geval waar ’n student studies moet onderbreek om enige geldige rede, na die voltooiing van ’n studiejaar en voordat die eerste semester van die daaropvolgende studiejaar begin, mag skriftelik by die registrateur aansoek doen en redes vir die onderbrekingsversoek verstrek. Die registrateur sal die student in kennis stel of toestemming verleen word om steeds die merietebeurs te behou vir die onderbreking van studies van ’n maksimum periode van een jaar.

2.7 Merietebeurse vir 2024-matrikulante word outomaties in Maart 2025 toegeken gebaseer op die finale matriekeksamenuitslae soos ontvang voor einde Februarie 2025. Merietebeurse sal nie toegeken word indien jy jou matriekvakke oordoen of oorgedoen het nie. Geen verdere aansoek word benodig nie.

2.8 Die beursbedrag sal slegs teen jaarlikse klasfooie of koshuisfooie gekrediteer word en mag nie vir kontant omgeruil of gebruik word vir die aankoop van akademiese materiaal, die aankoop van handboeke, skryfbehoeftes of koshuisfooie nie. Indien die student reeds hul volle rekening vooruit betaal het, sal die beurs op die student se rekening aangedui word. Akademia kan die krediet op die rekening terugbetaal indien die student versoek.

2.9 ’n Maksimum bedrag van R50 000 per student kan toegeken word as korting vir merietebeurse, ongeag die aantal onderskeidings behaal.

2.10 Geen toekenning sal gemaak word vir ’n onderskeiding in Lewensoriëntering nie.

2.11 Akademia behou die reg voor om die bepalings en voorwaardes van hierdie beurs te eniger tyd te hersien en aan te pas.

2.12 Die besluite van die Beurskomitee is finaal en bindend, en geen korrespondensie of proses van appèl sal oorweeg word nie.

2.13 Indien die beursstudent Akademia se gedragskode oortree of skuldig bevind word aan ’n wangedrag (volgens die bepalings soos uiteengesit in die Dissiplinêre Beleid vir Studente), behou Akademia die reg voor om die merietebeurstoekenning te hersien en te kanselleer. Hierdie besluit sal uitsluitlik binne die diskresie van die senaat van Akademia plaasvind. Die student sal dan aanspreeklik gehou word vir die studiekoste van toepassing.

2.14 Die beursontvanger verleen hiermee aan Akademia volle regte en toestemming om die beursontvanger se akademiese prestasie en sy/haar verbintenis met Akademia na te verwys,

en bekend te maak. Dit kan via in enige vorm bv. kopieë of geskrewe publikasie geskied. Handtekening van hierdie bepalings en voorwaardes verleen toestemming deur die beursontvanger vir hierdie doel, met die verstande dat Akademia nie die beursontvanger se reg op privaatheid in die proses mag skend nie.

2.15 Akademia behou die reg voor om die aantal beurse te beperk tot ’n maksimum bedrag soos deur die instelling begroot.